# Kom ons hersien 'n begripstoets:

Lees die teks deeglik deur.

Beantwoord die vrae in volsinne.

## Leerder koop prinses!

1 Die leerders van die rustige voorstedelike skool, Wildedrome Primêr, het amper 'n toeval gekry oor die koninklike aankondiging wat verlede week tydens hul Wiskundeles gemaak is.

2 Dit wil voorkom asof 'n onverwagte besoeker op Dinsdag 2 Julie, net toe die leerders die wonderlike wêreld van maaltafels wou betree, aan die Graad 4-klas se deur geklop het.

3 Mev. Goedoen het haar interessante les onderbreek en sonder om te dink die deur oopgemaak vir 'n howeling met 'n pofferige broek, 'n veer in sy hoed en 'n trompetterende gevolg.

4 Een leerder het na bewering gesê dat die klas nog nooit so stil was nie, selfs tydens die eksamen.

5 Daar word beweer dat wat gevolg het, alles behalwe stil was. Daar is bevestig dat 'n trompetgeskal gevolg het. Die howeling het glo ook sy eie beuel geblaas (letterlik en figuurlik).

6 Wildedrome se besige skoolhoof het hom na die klaskamer gehaas toe hy die trompetgeskal hoor om uit te vind wie so rumoer.

7 Tot Mev. Goedoen en die skoolhoof se verbasing het die howeling vir leerder nommer 3, Trixie Suurpruim, na voor geroep om haar met 'n koninklike titel te bekroon. Een ooggetuie het berig dat Me. Suurpruim terselfdetyd ook verjaardagwense ontvang het. Daarna het die howeling vertrek.

8 In 'n onderhoud wat later met die onderwyser gevoer is, het sy gesê dat Trixie Suurpruim as Prinses Suurpruim gekroon is as deel van haar wenslys vir haar verjaardag. Teen 'n koste van R650 het haar ouers daarin geslaag om vir haar hierdie titel te bekom.

9 Toe Mnr. en Mev. Suurpruim gevra is of hulle nie dink die geskenk is 'n bietjie te veel nie, het hulle verkies om nie te antwoord nie. 'n Vriend van die familie het egter gesê dat Trixie van haar sakgeld bygedra het om die geskenk te koop en dat haar ouers besluit het dis 'n beter opsie as die iPod en bromponie wat ook op hul dogter se wenslys was.

10 Wildedrome se hoof het sy kommer uitgespreek dat ander leerders moontlik Trixie Suurpruim se voorbeeld sal volg en dat dit hom dan sou noodsaak om in 'n baronskap te belê.

11 Gaan die ander leerders nou aardig voel om grafieke saam met 'n gravin te teken? Gaan die onderwysers aarsel om merkies in 'n markies se boek te maak? Hopelik sal dié aristokratiese probleem nie vir hierdie klein skooltjie 'n doring in die vlees word nie.



1. Wat is die naam van die skool in hierdie berig?
   ______________________________________________ (1)

2. Watter woord in <u>paragraaf 2</u> stel voor dat niemand geweet het die besoeker is op pad nie?
   ______________________________________________ (1)

3. In <u>paragraaf 1</u> word die skool beskryf as **rustig**. Vind 'n <u>sinoniem</u> vir hierdie byvoeglike naamwoord in <u>paragraaf 4</u>. ______________________ (1)

4. Maak ‘n regmerkie in die blokkie langs die regte opsie om die volgende sin te voltooi: Die feit dat die besoeker ‘n pofferige broek gedra het, ‘n veer in sy hoed gehad het en deur ‘n trompetterende gevolg vergesel is, stel voor dat hy;
   - ☐ ‘n marsmannetjie is
   - ☐ aangetrek is soos ‘n koninklike boodskapper van lank gelede
   - ☐ ‘n joernalis is wat nie herken wil word nie (1)

5. Waarom het die skoolhoof na die Graad 4-klas toe gekom?
   ______________________________________________ (1)

6. Watter dag is Trixie Suurpruim se verjaardag?
   ______________________________________________ (1)

7. Wat beteken die woord “**ooggetuie**” in paragraaf 7?
   ______________________________________________ (1)

8. As dit moontlik was om koninklike titels te koop, dink jy dit sal ‘n goeie idee wees om dit as verjaardaggeskenke vir kinders te gee? Gee ‘n rede vir jou antwoord.
   ______________________________________________
   ______________________________________________ (1)

9. Watter drie dinge wat in die berig genoem word, wou Trixie Suurpruim vir haar verjaardag hê?
   ______________________________________________
   ______________________________________________ (3)

10. Wat beteken die idioom “**Doring in die vlees**” in paragraaf 11?
    ______________________________________________ (1)

11. Gebruik jou eie woorde en som die berig in 3 kernsinne op.
    ______________________________________________
    ______________________________________________
    ______________________________________________ (1)

12. Skryf of die volgende stellings waar of onwaar is.
    - 12.1 Die klas is altyd baie stil. ________________
    - 12.2 Trixie Suurpruim verjaar op ‘n Dinsdag. ________________ (2)

**TOTAAL: /15**